



TOULOPEERS

Raak suikersoet-sak-sarel-verlief.
Begin 'n *band*.
Neem 'n Facebook-foto.
Gaan lê plat onder 'n boom.
Skop jou ma se strelitzia flenters.
Skryf 'n brief aan die man op die maan.
Doen 'n balanseertoertjie.

'n Bundel met knetterende,
kraakvars gedigte vir tieners.



TOULOPEERS

verse vir tieners

saamgestel deur
Jaco Jacobs

TOULOPERS

- ? – Tanja Joubert
- Sterrekyker – Franci Greyling
- Daarom – Ilna Stander
- Aandeelhouer – Alta Marincowitz
- klein geloof – Tanja Joubert
- strelitzia – Annie Klopper
- Staand op! – Fanie Viljoen

Leesteken: ?

- ❖ Na 'n direkte vraag /vraagwoord
- ❖ Na 'n retoriese vraag (waarop daar nie 'n direkte antwoord verwag word nie)
- ❖ Skep die indruk dat een of ander vraag gestel word
- ❖ Tog is daar in die eerste aantal strofes geen aanduiding van 'n vraag wat gevra word nie – daar word eerder redelik "besliste" stellings gemaak
- ❖ Sluit aan by die laaste versreël van die gedig (verleen aan die gedig 'n sikliese struktuur)

Gedigtitel - ?

- ❖ Vyf kwatryne en een koeplet
- ❖ In die eerste vier kwatryne verwoord die spreker háár gedagtes (perspektief) – "Jou naam draai ek...", "Ek braille dit...", "Ek ryg dit regs aan my naam...", "Want jy is ál my uithangborde..."
- ❖ In die vyfde strofe tree daar 'n **wending** in: nou probeer die ek-spreker haar die "jy" se reaksie verbeel ("miskien" dui daarop dat sy baie minder oortuig is as in die eerste vier strofes)
- ❖ Die slotkoeplet dwing die leser om die gedig te herlees en die eerste paar strofes in 'n nuwe lig te beskou

Struktuur van die gedig

- ❖ Begin baie **letterlik** (veral die eerste twee strofes) – die spreker "skryf" die naam van haar geliefde op elke denkbare plek
- ❖ Die derde strofe is 'n voortsetting hiervan, maar nou is daar al 'n moontlikheid dat van die beskrywings dalk meer figuurlik verstaan behoort te word ["om my nek" en "Dis my plek!" is 'n aanduiding daarvan dat die ek-spreker haar probeer oortuig van haar eienaarskap/ besit oor die "jy"]
- ❖ Veral die vierde strofe moet **figuurlik** verstaan word [hier is ook die eerste aanduiding dat die "verhouding" moontlik kan eindig en hartseer kan veroorsaak]
- ❖ Die eerste deel van die vyfde strofe is letterlik en die tweede deel daarvan meer figuurlik bedoel ('n herhaling van die vorige strofes in die klein, maar nou uit die "jy" se perspektief) [Uit hierdie strofe blyk dit dat die "jy" wel weet wat die "ek" se naam is, maar nog nie seker is oor hoe 'n mens dit spel/skryf nie.]

Progressie

- ❖ Aanvanklik wil dit lyk asof die laaste twee versreëls in kontras staan met die res (voorafgaande gedeelte) van die gedig
- ❖ MAAR dié koeplet kan sowel letterlik as figuurlik verstaan word – wat twee verskillende betekenis-moontlikhede aktiveer:
- ❖ **LETTERLIK:** Die ek-spreker weet nie regtig wat die "jy" se naam is nie (daar is dus nog geen sprake van 'n verhouding nie)
- ❖ **FIGUURLIK:** Die ek-spreker weet wel hoe die "jy" heet (en oor haar gevoelens vir hom), maar is nie seker of daar werklik (i) 'n verhouding gaan ontstaan óf (ii) daar – in die geval van 'n bestaande verhouding – 'n toekoms vir hulle saam is nie [met ander woorde of hy werklik dié één is] nie

Slotimplikasie

"Sterrekyker" (*stargazer*)

- ❖ Iemand wat na die sterre kyk/staar (en dalk wense wens)
- ❖ In astrologie iemand wat die sterre voorspel; 'n sterrewiggelaar of astroloog
- ❖ "Die sterrekykers wat elke maand laat weet wat oor jou pad sal kom" (Jes: 47:13)



"To wish upon a star" –
om te wens vir iets wat jy
nog nie het nie

Gedigtitel – "Sterrekyker"



- ❖ Deur die eeue het mense die donker vlekke op die maan aan verskeie bekende dinge toegeskryf, soos 'n haas, leeu, konyn, hond, perdekar en ander. Vir party is dit 'n man wat op 'n hooivurk leun waarop daar 'n bondel stokke is.
- ❖ "Die man in/op die maan" – iemand wat nie bestaan nie / iemand wat nie gaan antwoord nie
- ❖ "Alles is na die maan" – Alles is verlore (*It's all gone; It's all down the drain*)
- ❖ "Aan die maan wil vat" – Die onmoontlike wil doen (*Want the moon*)

"Die man op die maan"

Vryevers

Maar met:

- ❖ Hoofletters
- ❖ Leestekens en skryftekens
- ❖ Rym (binnerym en eindrym)

Ek-spreker wat haar gedagtes (gedagtebriewe) implisiet met die leser deel, maar in versreël 12 die leser eksplisiet/direk aanspreek ("en wonder jy?")

- ❖ Dit gaan hier meer oor die feit DAT sy wensbriewe skryf as oor die INHOUD van daardie briewe

Gedigstruktuur

- ❖ 'n Mens sou die gedig waarskynlik LETTERLIK kon interpreteer
- ❖ Verwysings soos "man op die maan", "skiet dit 'n wilgerboog / dat dit hoog die lug inseil. / Ek sien hoe dit deur die sterre trek / en om die maan gaan draai" en "skryf 'n brief" "... en verder deur die lug 'n duisend briewe saai", maak dit ONWAARSKYNLIK →
- ❖ Moet dalk eerder FIGUURLIK verstaan word – in hierdie opsig kommunikeer die gedig ook iets oor die skryf van gedigte: 'n spreker kan iemand spesifiek aanspreek sonder dat dié persoon ooit die boodskap ontvang, maar in die proses kry baie lesers wel die gedig onder oë. Een direkte gedigboodskap kan dus aanleiding gee tot talle gediginterpretasies (gesprekke wat tussen digter en leser tot stand kom)

Letterlik of figuurlik?

Die voegwoord "daarom"

- ❖ "om dié rede" – bied dus 'n verduideliking
- ❖ Skakel met die eerste woord in die tweede strofe (wat inderdaad as 'n tipe "voegwoord" tussen die twee strofes funksioneer)
- ❖ Word ook in die laaste versreël van die tweede strofe herhaal (waardeer dit beklemtoon word)
- ❖ Word in die laaste strofe (wat slegs uit een treffende versreël bestaan) deur die bywoord "intussen" opgevolg: "gedurende die tyd dat die (bo)genoemde handeling(e) plaasvind of plaasgevind het; in die tussentyd; ondertussen; inmiddels"
- ❖ Die gedig handel juis oor tienerskap as 'n tussen-in-stadium

Gedigtitel – "Daarom"

Die "ek"-spreker in die gedig is 'n tipiese (of deursnee-) tienerseun:

- ❖ 'n Hoekige profiel wat hom laat skrik wanneer hy in die spieël kyk
- ❖ 'n Slegte vel (aknee)
- ❖ Arms en bene wat buite proporsie is ten opsigte van die res van sy lyf; lomp
- ❖ Die eerste (skimmige) tekens van lyfhare
- ❖ Onseker en ongemaklik in die geselskap van meisies
- ❖ 'n Stem wat nog nie gebreek het nie
- ❖ 'n Buitengewoon lang kuif wat sy gesig bedek
- ❖ 'n Broek wat onder sy middel hang en 'n traak-my-nie-agtige indruk skep; 'n vlieg-na-die-duiwel-houding
- ❖ 'n Algemene gevoel van onbehae

Tienerspreker

Terwyl jy die gedig chronologies lees, maak jy eintlik terugwerkend daarvan sin:

- ❖ Opvallennste gedrag deur die "ek" = die toeslaan van deure en 'n onwilligheid om te kommunikeer

REDE:

- ❖ Hy is uiters skaam vir en ontevrede met homself

REDE(S):

- ❖ Voorkoms
- ❖ Stem
- ❖ Liggaamlike ongemaklikheid
- ❖ Selfbewustheid

Retoriese strategie

Aandeel:

- ❖ Deel van iets wat aan meer as een persoon behoort, of deur meer as een ontvang word (verwagting dat pa en seun iets sal deel?)
- ❖ Een van die gelyke dele waarin die kapitaal van 'n maatskappy verdeel is
- ❖ Ook die sertifikaat wat bewys dat iemand so 'n deel besit
- ❖ Rol of deel wat iemand in 'n handeling of toedrag van sake het (die "aandeel" wat die pa in sy seun se lewe het of nie het nie)

Aandeelhouer:

- ❖ Iemand wat aandele (in 'n firma) besit

Gedigtitel – "Aandeelhouer"

Vryevers:

Maar met hoofletters, lees- en skryftekens

- ❖ Bestaan uit twee "strofes" – een slegs twee versreëls lank; die ander een 16 versreëls lank
- ❖ Beeld die **gesprek** tussen twee persone uit – 'n ouer man (onderwyser; grootouer; ouer self; vriend van ouer) en die jonger ek-spreker [dit kan natuurlik ook 'n selfgesprek wees waar die eerste twee versreëls die "stem" van verwagting verteenwoordig wat die seun altyd hoor wanneer hy oor sy toekoms dink)
- ❖ [Let op hoe die taalgebruik van die twee gespreks-genote van mekaar verskil: deftig en formeel teenoor byderwets en informeel – stel die twee gespreksgenote duidelik teen mekaar op]

Gedigstruktuur

Pa:

- ❖ Besigheidsman
- ❖ (Dalk aandelemakelaar?)
- ❖ Woordeskat word gekenmerk deur finansiële terme soos "rente", "finansies", "inflasie", "beleggings", "bates", "effekte", "risiko's", "lopies", "aandelepryse"
- ❖ Gaan vir hom oor geld (en die maak daarvan)

Seun:

- ❖ Sportman, hartebreker en partytjiedier
- ❖ (Het, volgens hom, nie dieselfde belang-stellings as sy pa nie)
- ❖ In sy woordeskat het sy pa se "terme"/"woordeskat" heeltemal ander betekenis – afwisselende gebruik van Engels en Afrikaans hier juis sinvol
- ❖ Gaan oor genot (geld as middel tot 'n ander doel)

Kontraste

"klein":

- ❖ Word ikonografies met kleinletter gespel

"klein geloof":

- ❖ 'n Bietjie (van baie) geloof wat behoue gebly het
- ❖ Die (blinde) geloof van iemand wat nog klein is (die geloof van 'n kind; kinderlike geloof)
- ❖ Kan ook dui op "kleingelowigheid" – swak of wankelend van geloof wees; met min geloof; gou wanhopig/mismoedig word

Gedigtitel – "klein geloof"

Vaste struktuur:

- ❖ Die gedig bestaan uit vier strofes waarvan drie kwatryne en een 'n tersiene is
- ❖ Die derde strofe bestaan slegs uit drie versreëls (en impliseer dat hier 'n tipe wending intree)
- ❖ Die drie kwatryne het gedeeltelike kruisrym
- ❖ Die versreël wat as "skarnier" optree word in hoofletters geskryf (die res van die versreëls begin oorwegend met kleinletters, behalwe in die geval van eiename)
- ❖ Die gedig eindig met 'n retoriese vraag

Gedigstruktuur

Kleinletters

- ❖ Dinge wat vir die ek-spreker as kind die "status" van eiename gehad het – byvoorbeeld Kersvader, Paddaprins – het nou soortname geword wat met kleinletters gespel word

Hoofletters

- ❖ In die plek daarvan het sekere soortname nou die status van eiename verkry met die gevolg dat dit met hoofletters gespel word – "Realisme, Feite, Wetenskap"
- ❖ In die laaste versreël word die prins op die donkie (anders as die prins op die wit perd) met 'n hoofletter gespel (verwys na Christus op die donkie)

Hoof- en kleinletters

Strofes 1 en 2:

Aanduiding van die ek-spreker se kinderlike geloof in dit wat nie sigbaar/kenbaar/bewysbaar is nie, maar terselfdertyd ook dat sy sedertdien tot ander INSIGTE gekom het:

- ❖ Kabouters (en feëtjies) – tuinkabouters
- ❖ Kersvader – haar pa (of iemand anders)
- ❖ Tandemuis – haar ma
- ❖ Paddaprinse – amfibieë
- ❖ Melkskommelweg (die melkweg lyk van die kant soos die bokant van 'n melkskommel indien jy jou verbeelding gebruik)
- ❖ Die man op die maan – Neil Armstrong
- ❖ Drake – dinosourusse
- ❖ Lugkastele - argitektuur

Veranderende proses

Strofe 3:

Oënskynlik 'n radikale breuk met dié kinderlike fantasieë en 'n algehele omarming van die REDE: "Realisme, Feite, Wetenskap" (dit wat gesien/**bewys** en daarom geglo kan word: "EK KAN BEWYS")

Strofe 4

MAAR die ek-spreker se wêreld is nie so swart/wit of algeheel ontnugterd soos dit in strofe drie klink nie – 'n klein bietjie van die kinderlike "geloof" in dit wat onsigbaar en onbewysbaar is, het oorgebly (positief én negatief):

Vrees vir die donker; monsters onder die bed; die droom van 'n ridder op 'n wit perd, maar ook van Christus as verlosser en saligmaker (religieuse dimensie)

Veranderende proses

- ❖ Naam van 'n eksotiese inheemse plant met blomme van 'n kenmerkend oranje (en blou) kleur – ook bekend as die paradysblom of die kraanvoëlblom



Gedigtitel – "strelitzia"

Vryevers:

- ❖ Maar met enkele lees- en skryftekens
- ❖ Twee "strofes" met versreëls van ongelyke lengte
- ❖ Die eerste versreël van elk van die twee strofes stem ooreen (bind dit tot eenheid saam; dui ook op herhaling)
- ❖ Voorbeeld van 'n volgehoue uitsteltegniek – die hele gedig bou op tot die onthulling in die laaste twee versreëls (wat met die titel skakel)
- ❖ Herhaling van die woord "verskoning(s)"
- ❖ Een van die min gedigvoorbeelde waar daar nie 'n ekspreker aan die woord is nie

Gedigstruktuur

Innerlike botsing

- ❖ UITERLIK lyk die ma (mev. Susan van Breda) na die toonbeeld van beheer en ongeërgdheid
- ❖ INNERLIK is daar egter baie duidelik sprake van 'n onderdrukte skuldgevoel – "dit was reeds te laat vir verskonings maak" en "indien sy nie so besig was om / ... / aan verskonings te dink nie"
- ❖ Kort versreëls dui aan hoe haar geordende, "vloeiende" wêreld wreed onderbreek word

Uiterlike botsing

- ❖ "Gespanne" verhouding tussen (afwesige?) moeder en seun
- ❖ Gebrek aan kommunikasie (dade spreek harder as hulle woorde)

Implisiete karakterbotsing

Imperatief

- ❖ Taalhandeling
- ❖ 'n Bevel (opdrag)
- ❖ Word verder versterk deur die gebruik van die uitroepteken ("Staan op" is opsigself reeds 'n tipe bevel)
- ❖ 'n Oproep tot 'n bepaalde aksie (wat dalk in kontras staan met die aksie wat gewoonlik uitgevoer word)
- ❖ 'n Bemagtigende wekroep
- ❖ Berus op die veronderstelling dat die aangesprokene SIT (en dalk ook effens onwillig voel om sigself bloot te stel deur OP TE STAAN)

Gedigtitel – "Staan op!"

Vryevers

- ❖ Maar met hoofletters, lees- en skryftekens
- ❖ Bestaan uit twee strofes – 'n lang eerste strofe en 'n baie kort tweede strofe (toeligting)
- ❖ Eerste strofe bevat 'n opstapeling van sintakties eenderse bevele/oproepe (tot handeling) – "Staan op! As jy (al ooit) ..."
- ❖ Die tweede strofe verskaf die rede vir dié oproep/bevel: jy sal naamlik verbaas wees om te sien hoe min (indien enige) mense bly sit het Ommekering van die veronderstelde verband tussen die ENKELing en die massa/groep/geheel

Gedigstruktuur

- ❖ Ommekering van die veronderstelde verband tussen die ENKELing en die massa/groep/geheel:
- ❖ Aangesien die enkeling ALLEEN voel skaar hy/sy hom/haar by die GROEP/MASSA = wil dus nie blootgestel word deur OP TE STAAN en die rede vir sy/haar EENSAAMHEID bekend te maak nie
- ❖ Die digter suggereer egter dat daar soveel jongmense is wat ALLEEN/EENSAAM/GETRAUMATISEERD voel, dat hulle eintlik die MASSA vorm (deur op te staan skaar jy jou dus eintlik by die meerderheid)
- ❖ BESEF: Niemand se lewe is volmaak of probleemvry nie

Ommekering